

Inhoud. Christus voer sy Vader se opdrag uit deur self die aangeklaagde, veroordeelde, skuldige en gestrafte sonaar volgens die wet van God te word. Hy word nie die koning van sy dissipels se gewapende geweld nie, nie die slagoffer van die Jode se moordkomplot nie en ook nie die vrygelate onskuldige van Pilatus se regspraak en politiekery met die reg nie. Omdat die Here in ons plek die veroordeelde sonaar volgens die wet van God word, word ons ingesluit in die liefde wat die Vader vir die Seun het. In hierdie liefde is ons tuis in die gewetensrus dat ons nooit weer deur God aangekla, veroordeel, beskuldig of sal straf nie. In die moderne Christelikeheid moet mense self die lydingsbeker van Christus drink as die wyse waarop hulle hul self aan sy mag as God oor gee en ondergeskik stel.

Liturgie: Lied 393 verse 1, 3, 4; Skriflesing en preek; Lied 387 Nagmaal; Lied 396 verse 1- 4.

Skriflesing: Johannes 10: 17 en 18; 17: 17 -19 en 26; 18: 3 -11; 18: 18 -21; 18: 28 - 38; 19: 7- 16.

Teks. Johannes 17: 26 Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak en ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle.

Tema. Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste.

1. Alles wat op hierdie dag, Goeie Vrydag gebeur het, maak dat ons ingesluit is in die liefde wat God die Vader vir God die Seun het.

Dit is die waarheid van God die Vader se liefde vir sy kinders wat die Here Jesus op Goeie Vrydag bekend maak. Dit is die liefde wat Hy in sy optrede en werk op hierdie dag openbaar.

Alles wat hier met hierdie dag met Christus gebeur is hoe Hy sy lewe aflê om ons in God die Vader se liefde in te sluit. Elke oomblik is 'n daad van volmag. Die volmag wat Jesus het om Here en God te wees. (Joh. 20: 28)

Nie een gebeurtenis op hierdie dag is 'n oomblik of 'n daad wat van Jesus 'n slagoffer van die Jode se geestelike eiegeregtigheid of van Pilatus se politiekery met geregtigheid maak nie. Jesus is nie óf die Jode óf Pilatus se magtelose slagoffer nie.

Wat met Jesus op goeie Vrydag gebeur, is wat Hy in en met sy volmag laat gebeur en uitvoer.

2. Die Here keer sy dissipels se gewapende verset teen die Jode se geestelike mag.

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste

Petrus gebruik gewapende geweld om te wil keer dat die Here Jesus gevange geneem word, veroordeel word, oorgeleer word en gekruisig word. Hier is Petrus besig om te doen wat hy kragtig teenoor die Here verklaar het. Hy is besig om sy lewe vir die Here te probeer aflê op die dag wat die Here aangekondig het Hy sy lewe vir hulle sal aflê.

Die Here stuit Petrus is sy spore. Met die volmag wat Hy as Christus het, stop Hy die gewapende geweld waarmee Petrus Hom wil keer om sy opdrag van die Vader uit te voer. Die Here antwoord sy dissipels se gewapende geweld met sy vaste voorneme om die lydingsbeker van die Vader op te neem en te drink.

Met dieselfde volmag laat die Here nie die Joodse Raad toe om hulle gesag te misbruik om Hom wederregtelik ter dood te veroordeel nie. Hiermee ontbloom die Here hulle skyn van geregtigheid as net 'n komplot om Hom dood te maak om hulle geestelike mag te behou.

3. Christus antwoord hulle eis dat Hy sy dissipels se leer en sy leer moet verantwoord teenoor hulle geestelike mag met 'n teenvraag: "Waarom ondervra u My"?

Die Jode sien Jesus as net nog 'n Messias soos hulle ook 'n Messias verwag: Hy verteenwoordig die leer van sy dissipels. Daarom antwoord die Here hulle deur te wys dat wat Hy geopenbeer het oor Homself, nie hulle Messias verwagting of hulle geestelike oortuigings is nie.

Hy self het in die openbaar en in die tempel aangekondig wie Hy is en wat Hy doen. Hiermee wys die Here enige opvatting dat Hy die geestelike leier van sy dissipels se verwagting is af. Hulle maak Hom nie hulle leier nie.

Verder wys die Here met volmag die Joodse Raad se moordkomplot uit. Dit is nie die Here wat met heimlike agteraf optredes besig is om geestelike mag te probeer bekom nie. Die Here se openbare optrede was sonder enige heimlike agenda. Dit is die raad in sitting wat met 'n moordkomplot teen die Here besig is. Daarom volg hulle nie die regsproses om eers getuies teen Hom in te bring waarop Hy Homself moet verweer nie. Hulle kla Hom aan sonder die getuienis van sy dissipels of mense wat Hom gehoor het.

Net so spreek Hy die magsdaad van die tempelwag aan wat Hom klap. Wederregtelik word Hy geklap en beveel om stil te bly, terwyl Hy regtens eintlik Homself moet verweer. Hierop wys die Here dat dit vir die tempelwag, en ook die Raad, hier om die geestelike mag van die Raad gaan waaraan die Here gedienstig Homself moet onderwerp. Dit gaan nie oor reg en onreg volgens die wet van God nie.

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste

Die Here onderwerp nie Homself of sy dissipels aan die geestelike mag van die Joodse Raad nie maar ontbloot hulle heimlike en wederregtelike optrede om Hom dood te maak ter wille van hulle geestelikheid.

4. Jesus is ook nie Pilatus se weerlose slagoffer nie.

Pilatus het al sy mag as hoofregter, hoof van die weermag en politieke hoof van die land Palestina gebruik om Jesus te probeer loslaat. Hy wou nie Jesus veroordeel nie en het Hom ook nie veroordeel nie. As regter het hy Jesus onskuldig bevind met die uitdruklike regsuitspraak: "Ek vind geen skuld in Hom nie."

Na hierdie geregtelike onskuldigbevinding het Pilatus van die aanklag teen Jesus egter 'n politieke magspel gemaak. Hy stel die Joodse gemeenskap voor 'n politieke keuse: om te kies om 'n onskuldige man te kruisig of om 'n politieke gevangene wat gewelddadige moorde gepleeg het in sy opstand teen Rome te kruisig.

Pilatus het gedink dat hy die Jode met hierdie keuse getroef het. Want hy stel uitdruklik dat die Here onskuldig is aan enige misdaad, ook politieke oproer, en almal weet dat Barabbas skuldig is.

Dit is hier waar Pilatus homself teen die politieke leuen van die Joods geestelikes vasgeloop het. Hulle maak die verklaring dat hulle net een koning het en dit is die Romeinse keiser. In vandag se taal sal dit amper iets wees soos ons as Afrikaanse gemeenskap verklaar dat ons net een leier het en dit is president Zuma.

Met hierdie politieke leuen dwing die Joodse geestelikes Pilatus om Jesus na sy onskuldigbevinding aan hulle oor te lewer om te kruisig en Barabbas vry te laat. Hulle bewerk die magspel so dat Pilatus teen sy eie wil en teen sy eie regsuitspraak Jesus aan hulle uitgelewer word terwyl hulle die rebelle teen die keiser is.

Pilatus kon nie met sy politieke magspel die Here keer om sy lewe vir sondaars af te lê nie.

5. Dit is die volmag waarmee die Here sy opdrag uitvoer om die lydingsbeker van God die Vader te drink.

Hy laat nie sy dissipels toe om hulle lewe vir Hom af te lê om Hom hulle koning te maak nie. Hy is nie die koning wat hulle wil hê nie. Daarom stuit die Here hulle gewapende geweld teen hulle wat Hom gevange neem om onskuldig dood te maak.

Met dieselfde volmag ontbloot die Here die Joodse geestelikes se moordkomplot en wederregtelike optredes en gee Homself nie oor aan hulle geestelike geweld en bedrog nie. Die Here is nie die Joodse geestelikes se offer vir hulle geestelike mag nie. Hy is die Vader se offer vir sondaars se sonde.

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste

Met dieselfde volmag laat die Here Hom ook nie Pilatus se onskuldige wees nie en neem Hy op geen manier deel aan Pilatus se politiekery met die gereg nie.

6. Wat is die waarheid oor die lyding van Jesus Christus op Goeie Vrydag as Hy nie sy dissipels se geestelike leier, die Jode se geestelik offer of Pilatus se politieke offer is nie?

Die waarheid van Christus se lydingsbeker wat Hy van die Vader ontvang het en drink, het die Here in sy gebed verwoord in hoofstuk 17: "Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak, en sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle." (Joh. 17: 25)

Christus het die Vader se Naam voor Goeie Vrydag aan sy dissipels bekend gemaak en op Goeie Vrydag verder bekend gemaak in sy lyding en sterwe.

Christus openbaar die waarheid van sy lydingsbeker in sy verklaring aan Pilatus: "En Jesus antwoord hom: "u sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van bo aan gegee was nie." (Joh. 19: 11)

Met hierdie verklaring openbaar die Here wat is die waarheid van dit wat besig is om tussen God die Vader en God die Seun te gebeur: in en deur die optrede van die Jode en Pilatus is Jesus die veroordeelde mens onder die wet van God. Hy word as onskuldige die veroordeelde vir die sondes van sondaars.

Alles wat met Christus op goeie Vrydag gebeur is hoe die Vader Christus die oordeel van sondaars laat toekom as God. Alles wat met Christus gebeur is hoe die Vader Christus die lydingsbeker van God se oordeel oor die sonde van sy kinders laat dra.

8. Hoe drink Christus die oordeelsbeker van God die Vader?

Die woorde waarin hierdie oordeel openbaar word, is die verklaring van die Joodse geestelikes: "Ons het 'n wet en volgens die wet moet Hy dood omdat Hy Hom as die Seun van God voorgedoen het." (19: 7)

Die wet waarvolgens die Here veroordeel word, is nie die Romeinse gemenereg nie. Volgens hierdie reg is die Here onskuldig bevind en het Hy geen misdaad gepleeg nie. Dit is die krag van Pilatus se regsuitspraak: "Ky, ek bring Hom vir julle buitentoe sodat julle kan weet ek vind geen skuld in Hom nie."

Die wet waarvolgens die Here veroordeel is, is die wet van God, die Tien Gebooie. Volgens die wet van God dra Jesus die oordeel van God die Vader oor sonde en sondaars. Nie, soos die Jode beweer het dat Hy Hom as Seun van God voorgedoen het nie, maar terwyl Hy die Seun van God is.

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste

Dit is wat die Here aan Pilatus verklaar: dat hierdie veroordeling wat nou hier plaasvind is van Bo, van God die Vader. Hierin is Pilatus die een wat net moet bevestig dat die Here geen misdaad gepleeg het nie en daarom as onskuldige mens die volle oordeel van God as sy lydingsbeker dra.

Volgens die wet van God, die Tien Gebooie, was daar 'n lasbrief uitgereik om Jesus as oortreder van die wet van God gevange te neem. Volgens die wet van God word Jesus die aangeklaagde voor God, die veroordeelde voor God en die uitgelewerde deur God om vir die sondes van sondaars aan die kruis God se vloek oor sonde te dra.

Dit is die waarheid van die koningskap van Christus, die waarheid oor hoe Hy koning is en hoe Hy sy koninkryk vestig!

Volgens die wet van God word Hy wat geen skuld het nie en die Seun van God die Vader, self God is, as mens:

- met 'n lasbrief teen Hom as sondaar terwyl Hy onskuldig is deur die wet van God gevange geneem,
- deur die wet van God deur God die Vader as sondaars aangekla terwyl Hy Homself nie verweer en sy onskuld gebruik om nie aangekla te word nie.
- deur die wet van God veroordeel om aan die vloek van God aan die kruis uitgelewer te word.

Dit is die waarheid van die Vader se opdrag en die Here se uitvoering van hierdie opdrag van die Vader deur sy lewe af te lê in die oordeel van God oor sonde.

9. Wat beteken die waarheid van Christus se lydingsbeker wat Hy drink vir ons?

Deur God se veroordeling oor ons te dra maak die Here ons deel van die liefde wat die Vader vir Jesus as God die seun het. Ons word ingesluit in die liefde wat God in Homself vir Homself het. Dit is hoe die Here dit in sy gebed openbaar in hoofstuk 17: "Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak, en sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle." (Joh. 17: 25)

Ons is ingesluit en deel in die veroordeling van Jesus Christus onder Pontius Pilatus – so in Christus in ons. Daarom verheerlik God die Vader ons as sy kinders deur ons in te sluit en te laat deel in die liefde wat God vir Homself het: die liefde tussen God die Vader en God die Seun.

In hierdie liefde waarin die Here ons insluit sal daar nooit teen ons van God 'n lasbrief volgens sy wet uitgereik word om ons as sondaars met sy wet gevange te neem nie. God dien nooit so lasbrief op ons om gevange binne sy wet voor Hom as

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste

God te verskyn nie. Dit was Christus se lydingsbeker. Dit is nooit ons lydingsbeker nie. Ons drink uit die beker van danksegging. Ons is ingesluit in God se liefde. In hierdie liefde roep Hy ons altyd as Vader sonder om ons deur sy wet gevange te naam.

In hierdie liefde waarin die Here ons insluit word ons nooit deur God as oortreders en misdadigers aangekla nie. Ons verskyn nooit weer voor God as oortreders wat in sy toorn ons oor ons misdade teen God se wet deur God verhoor word nie. Dit was Christus se lydingsbeker waarin Hy stilgebly het om die verhoor deur God te dra. Dit is nooit ons lydingsbeker nie. Ons drink uit die beker van danksegging. Ons is ingesluit in 'n liefde wat ons nooit aankla of verhoor nie, maar altyd regverdig maak in god se liefde en ons liefde vir Hom heilig.

In hierdie liefde waarin die Here ons insluit word ons nooit weer deur God veroordeel nie. Christus was onskuldig veroordeel sodat ons nooit deur God veroordeel sal word om die straf van ons sonde te dra nie. Hierdie oordeel en kruisiging is Christus se lydingsbeker. Ons drink uit die beker van danksegging. God verheerlik ons as sy kinders en maak ons liefde vir Hom skuldloos.

10. Dit is hoe Christus koning, Here is. Dit is die nuwe lewenswyse wat Hy in sy koninkryk skep vir sondaars deur die lydingsbeker wat die Vader Hom gee te drink op Goeie Vrydag.

Die apostel Johannes verkondig hierdie liefde binne God se liefde waarin God ons nooit weer sal veroordeel nie in 1 Joh. 4: 16 – 19 só: “En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God in hom. ¹⁷ Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. ¹⁸ Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie vrees het nie volmaakte liefde nie. ¹⁹ Ons het lief omdat God ons eerste lief gehad het.”

Hierdie eerste liefde, is die liefde waarin die Here self die gearresteerde, aangeklaagde, veroordeelde en skuldige word onder die wet van God in alles wat op hierdie dag met Hom gebeur het.

In hierdie eerste liefde van God vir ons is daar niks meer waarvoor ons God vir die oordeelsdag kan vrees nie. In die oordeelsdag sal ons nie in 'n verhoor deur God verskyn en aangekla en veroordeel word deur God nie. Dit het Christus se eerste liefde vir goed tussen ons en die Vader weggeneem.

Die liefde waarin die Here ons insluit is die liefde wat die Vader vir die seun het. In hierdie liefde is daar geen dreigende gevangening, aanklagte, verhoor of veroordeling nie.

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste

Daarom leef ons in hierdie liefde waarin die Here ons insluit sonder enige vrees vir God. Want ons is ingesluit in 'n liefde waar daar nooit weer veroordeling of straf vir ons misplaasde, verwronge en gebrekkige liefde is nie. Ons kan God vrymoedig liefhê binne sy liefde wat altyd die eerste liefde is.

11. Só maak Christus God die Vader se liefde vir ons 'n tuiste.

Die Here het hierdie tuiswees in God se liefde openbaar as liefde waarin ons bly – “Julle moet in My bly en ek in julle.” (Joh. 15: 3) Daarom roep die apostel ons ook op om in hierdie liefde te bly: “Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God.”

Om in God te bly beteken om tuis te wees in sy liefde en in sy liefde te leef. Hierdie liefde vind jy en leef jy in deur in Christus te glo. Deur Christus te vertrou dat Hy vir jou die gearresterde gevange voor God se wet en oordeel geword het, vir jou die aangeklaagde volgens God se wet in die verhoor met God verskyn het, vir jou die veroordeelde oortreder geword het om die skuld van sonde as straf te vat aan die kruis, kan jy nou in 'n liefde leef waarin jy kan tuiswees.

In hierdie liefde waarin God ons nou vashou, die liefde tussen die Vader en Seun, van God vir Homself, gaan daar nooit enige oomblik kom waarin God ons met 'n lasbrief oor sonde voor Hom sal laat verskyn nie, al doen ons sonde. Hy sal ons as Vader na Hom toe roep.

In hierdie liefde kom daar nooit weer 'n oomblik van afrekening oor ons liefde wat misplaas, verwronge en gebrekkig is nie. Christus het daardie oomblik vir ons gevat sodat daar nooit 'n oomblik van afrekening weer tussen ons en God sal wees nie. In hierdie liefde word niks afgereken nie. God reken ons die geregtigheid en heiligheid van sy wet toe om ons vir sy liefde behoue te laat bly.

In hierdie liefde kom daar nooit weer 'n aankla en verhoor oor liefde wat nie goed genoeg nie, nie reg genoeg nie, nie heilig genoeg nie, nie volkome genoeg is nie. In hierdie liefde wek God altyd weer 'n wederliefde as gawe. Hy kla nie aan en verhoor oor liefde wat nie daar is nie

In hierdie liefde sal daar nooit 'n veroordeling wees vir liefde wat misplaas, verwronge en gebrekkig was nie. Hierdie liefde verheerlik ons in ons onvolkomenheid as God se volmaakte kinders.

Daarom kan ons in hierdie liefde waarin die Here Jesus ons insluit en laat deel, vreesloos leef. In hierdie volmaakte liefde wat ons ontvang verdryf God alle vrees oor ons liefde wat nooit werklike liefde kan wees nie. (1 Joh. 4:10)

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuis

Tuis in 'n liefde waar daar nie vrees is oor liefde nie. Nie oor God se werklike eerste vir ons of oor ons nie-werklike tweede liefde vir God nie. Christus het dit moontlik gemaak dat ons in God se lief bly: ons leef daarin.

12. Met hierdie Paasfees kan ons die verskil ontdek tussen die liefde wat die Here skep waarin ons tuis kan word en binne in kan leef en dit wat ons ken as ons liefdevolle oorgawe aan God.

Liefdevolle oorgawe aan God is iets anders as om in God se liefde vir ons tuis te wees en te bly.

Hierdie liefdevolle oorgawe aan God word in die Christelike kerke wêreldwyd soos volg verkondig!

- God het 'n saak teen jou en wil sy saak met jou uitmaak. Dit is die lasbrief van God wat deur geestelikes aan mense uitgereik word. Jy word gedaag om voor God te verskyn omdat God 'n saak teen jou het.
- Wanneer jy dan so voor God kom verskyn, word jy deur God aangekla en moet jy jouself teenoor God verantwoord oor die skuld van jou misplaasde liefde, jou verwronge liefdes en jou gebrekkige liefdes.
- In hierdie geestesworsteling met God moet jy dan van die geestelikes hoor dat jy moet erken en glo dat jy 'n verlore sondaar is, sonder God is en onder die oordeel van God staan. Om te erken voor God en teenoor God dat jy 'n verlore sondaar is, is om jouself as veroordeel te glo en aanvaar.
- Wanneer jy dan hierdie veroordeling glo en aanvaar, moet jy liefdevol jou lewe aan God aflê deur jou hart, jou lewe en die beheer van jou lewe aan God oor te gee.

God se liefde vir jou wat jou tot hierdie liefdevolle oorgawe moet bring is dan dat God jou in sy wet arresteer en voor Hom daag; dat God jou oor wie en wat jy is verhoor en aankla en jou tot die aanvaarding van die veroordeling bring dat jy vir God verlore is. Om self die lydingsbeker te drink wat Jesus Christus gedrink het, noem hierdie geestelikes "God se liefde vir jou."

Dit is die leuen van die geestelikheid van vandag: jy moet Jesus se lydingsbeker drink asof dit die liefdevolheid tussen jou en God is.

Waar in leef jy na hierdie oorgawe?

Jy leef binne die mag van God. Dit is waaraan jy jou self in hierdie liefdevolheid moet oorgee – die mag van God. Na hierdie oorgawe moet jy vir die res van jou lewe in hierdie bevangeheid leef: vandag is daar weer 'n nuwe saak wat God met my wil uitmaak; vandag is ek weer gedaag om voor God as aangeklaagde te verskyn; vandag; ek moet vandag weer my eie liefdes voor God aanhoor as veroordeel as nie

Christus maak God se liefde vir ons 'n tuiste

ware liefde nie en kort-kort sal ek weer moet hoor dat ek weer en weer en weer my self aan God moet oorgee.

Wat kan nooit in en deur hierdie lewe van liefdevolle oorgawes aan God gebeur nie?

Ons kan nooit tuis en gemaklik raak binne God se volmaakte liefde vir ons nie. Wie oomblikke van afrekening verwag, vrees en wie vrees kan nie binne die volmaakte liefde leef waarin Christus met sy lydingsbeker alle oordeel, verhore, aanklagtes en skuldigbevindings vir altyd tussen God ons vader en ons weggeneem het nie.

Ons gee ons self nooit liefdevol aan die arrestasie, verhoor daging of oordeel van God oor nie. Jesus alleen het daardie lydingsbeker gedrink! Ons drink die beker van danksegging – ons bly in 'n volmaakte liefde wat God ons by insluit.

Christus het deur sy lydingsbeker God se liefde vir ons 'n tuiste gemaak.